basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 58 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasien-riglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. In 'n literêre opstel word argumente aangebied en ondersteun of illustreer deur na die teks te verwys.

9. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

10. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

11. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.

12. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

13. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
        - relevante verduidelikings gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken nie.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

**"Versagtende omstandighede" – Peter Snyders**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Hoewel die spreker verwonderd is oor die hemel, wil hy – anders as wat 'n mens verwag – nie hemel toe gaan nie.** | Die "Oe"-tussenwerpsel dui die verwondering aan, maar dan bied hy 'n verskoning aan waarom die hemel nie sy soort plek is nie. | Versreël 1 tot 3: *Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik innie hiemel, maa Here, vergiewe,*<br><br>Versreël 6: … *maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.* |
| **Die spreker vra dat hy vergewe moet word omdat hy nie hemel toe wil gaan nie, hoewel die meeste mense vra vir vergifnis van sonde juis om in die hemel in te kom./wil die spreker nie gestraf word deur hemel toe gestuur te word nie.** | Die meeste mense vrees die hel en hoop dat hulle sonde hulle vergewe sal word juis sodat hulle die hemel kan beleef./Die spreker se versugting is presies die teenoorgestelde. | Versreëls 3 en 4: *Maa Here, vergiewe, die hiemel issie my soort liewe ...* |
| **Anders as wat 'n mens verwag, pleit hy vir 'n versagtende straf sodat hy liewer sy aardse vreugdes kan bly uitleef eerder as om versagtende omstandighede aan te bied wat sal verseker dat hy in die wonderlike milieu van die hemel kan beland.** | Die spreker kritiseer die hemel, met al sy wonderlike eienskappe soos musiek, en besing die lof van die aarde – terwyl die meeste mense nie kan wag om die hemel met al sy vreugdes te beleef nie./geen kritiek op die hemel het nie. | Versreël 5: *ek hou van sing en harpmusiek maar ...*<br><br>Versreëls 9 tot 12: ... *en sover dit die goudstrate en pearly-gates betref, wat baat dit? Klip en teer is veels meer werd.* |
| **Die hemelse "niks-doen" staan die spreker nie aan nie; vir hom sal dit "hel" wees; daarteenoor smag die mees-te mense na die einde van hulle aardse arbeid./Die spre-ker assosieer die hemelse niksdoen met die "hel", wat verskil van ander mense se versugting om in die hemel vir ewig te rus.** | Die spreker sê die hemel sal vir hom "hel" wees./Die spreker meld dit duidelik dat hy mateloos verveeld sal wees in die hemel omdat daar niks gedoen word nie; terwyl die meeste mense uitsien na die hemelse rus en probeer wegskram van arbeid. | Versreëls 7 en 8: *dit sal vi my hel wies om met niks-doen myself elke dag te vervies.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Ironies genoeg is die spreker se baas – wat ander mense misbruik – oënskynlik in die hemel, terwyl 'n mens sou verwag dat hy in die hel vir sy dade moet beland.** | Ten spyte daarvan dat die baas in die hemel is, is hy 'n skurk wat nie sy sonde agtergelaat het nie – daarom hou hy 'n gevaar vir die engeltjies in. | Versreël 13: *Maa Here, hou my baas asseblief tog daa …*<br><br>Versreël 17: *sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.* |
| **Dit is ironies dat die spreker pleit dat die baas in die hemel moet bly. Na alles waaraan hy hom skuldig gemaak het, sal die meeste mense verwag dat so 'n onaanvaarbare optrede gestraf moet word.** | Die baas is skuldig aan eksploitering/uitbuiting van sy werknemers – die spreker vrees dat hy dieselfde met die engele sal doen. | Versreël 13: *Maa Here, hou my baas asseblief tog daa …*<br><br>Versreël 17: *sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.* |
| **Die goud en pêrels wat met die hemel geassosieer word, is vir die spreker waardeloos; dis ironies, want vir die meeste mense is goud en pêrels baie waardevol. Die spreker heg egter meer waarde aan teer en klip. Dis ironies, want klip en teer is eintlik waardeloos.** | Die luukse waarmee die hemel geassosieer word, hou vir die spreker geen persoonlike waarde in nie, want hy kan dit tog nie kry/gebruik nie. Hy verkies daarom die konkrete aardse teer en klippe omdat hy redeneer dat teer baie meer werd is. | Versreëls 9 tot 11: *en sover dit die goudstrate en pearly-gates betref, wat baat dit?*<br><br>Versreël 12: *Klip en teer is veels meer werd.* |
| **Hemelse perfeksie/tevredenheid/volmaaktheid sal die spreker baie ontuis/onwelkom laat voel; dit is ironies, want die meeste mense smag na volmaaktheid en perfeksie.** | Die spreker voer aan dat hy graag vloek (wat nie in die hemel aanvaarbaar sal wees nie)./Volmaaktheid sal vir hom 'n marteling/pyniging meebring. Dis presies die teenoorgestelde van wat mense begeer. | Versreëls 19 tot 22: *en waar amil perfek is sal ek heeldag vloek, want volle perfection en contentment sal my torture tot binne-in my fonnement.* |
| **Die ironie in strofe 5 is opvallend: die spreker beskryf sy seksvermoë as 'n "talent" wat gebruik moet word – normaalweg wend mense hulle talente aan om ander te dien of te vermaak; nie om sonde te pleeg nie, maar hy bied sy pleidooi aan om verder te kan sondig.** | Die spreker gee voor dat hy 'n talent het m.b.t. seks wat hy graag sal wil gebruik en in die hemel is dit glo nie moontlik nie. Daarom soebat hy om by Florrie uit te kom sodat hy verder kan voortgaan met sy sondige aardse bestaan. | Versreëls 23 tot 26: … *seks is yt – soe stuur my aire hel toe of waar ek my talent kan gebryk.* |
| **Hy is selftevrede en arrogant. In sy eie oë is hy heeltemal te "goed" vir die hel/ nie vir die hel geskik nie, maar sien nie vir die hemel kans nie. Dit verskil van die normale mense se persepsies oor hulle sondige aard.** | Hy aanvaar sommer dat sy enigste toekoms die hemel sal wees, maar wil vir die Here voorskryf hoe Hy besluite moet neem./noem vir die Here sy begeerte om op die nuwe beleid te "teer". Hy bied dus steeds sy sonde as verskoning aan. | Versreëls 27 tot 29: *En as ek te goed is om gebraai te word laat my lieweste trug kom, Lord …*<br><br>Versreëls 34 en 35: *waar ek kan teer op 'n tesamebeleid.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Dit is ironies om te vra om aan die "underdog" se kant te wees tydens opstande, want die meeste mense wil graag aan die wenkant wees.** | Die spreker motiveer sy ironiese versoek deur sy verlange na Florrie te noem – hy gebruik dus sy sonde/foute/oortredings as motivering vir sy vreemde versoek. | Versreëls 37 tot 39: *sorg dat ek by Florrie (vroeër mevrou Soetwater) voorit te laat is, beland.* |
| **Die hoogtepunt van die ironieë kom in die slot voor.** | Die spreker pleit om op die aarde, waar hy graag sy sondige aardse bestaan wil voortsit, te "ly". Anders as wat 'n mens verwag, ly hy glad nie./Hy wil nie hemel toe gaan nie, want dis vir hom 'n plek sonder opwinding; desnieteenstaande noem hy die aardse opwin-dende bestaan 'n "lyding". | Versreëls 40 en 41*: Laat my dan liewer hier oppie aarde ly …*<br>Versreëls 42 en 43: *... as om vir iewag in u grafstienhiemel te bly.* |
| **Die titel van die gedig is ironies.** | "Versagtende omstandighede" word normaalweg aangebied om iemand/'n veroordeelde se straf/uiteinde te versag, maar hier bied die spreker sommer self "versagtende omstandighede" aan om langer op die aarde te "ly", dus swaar te kry. | Versreëls 40 en 41*: Laat my dan liewer hier oppie aarde ly ...*<br>Titel: *Versagtende omstandighede* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Nog in my laaste woorde" – NP van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Die spreker verwys na sy/die dood./na die laaste woorde wat die spreker voor sy/haar dood (vir die geliefde/skoonheid) sê./na sy/haar sterfbed./<br>Die spreker sal die geliefde tot aan die einde van sy/haar lewe onthou. ✓ | 1 |
| 2.2 | "Nog in" hef die tydsaspek van die titel/versreël 1 uit./<br>"Nog in" beklemtoon/dui aan aan dat hy steeds/voortdurend aan sy/haar geliefde in sy sterwensuur gaan dink./dat sy/haar geliefde steeds daar is. ✓<br><br>**EN**<br><br>"laaste" versterk die spreker se bewustheid van die dood./naderende dood./die laaste woorde en gedagtes van iemand net voor sy dood./<br>"laaste" sluit aan by "sterwe" in versreël 4./"dood" in versreël 14. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Indien "Dit" (en nie "nog in"/"laaste"as verwysing nie) in elke antwoord voorkom, gaan dit nie as korrek aanvaar word nie.*<br>*Die kandidaat moet in die antwoord by "effektief" uitkom, die "effektiwiteit" moet duidelik belig word, bv.: benadruk/onderstreep/vestig die aandag op/konstateer.*<br><br>**OF**<br><br>Beide/Albei/Dit/"nog in" én "laaste" bind die inhoud met die titel. ✓✓ | 1<br><br><br>1 |
| 2.3 | Direk na die dubbelpunt volg die verduideliking van die eienskappe van die "vlam"-metafoor./geliefde./brei die metafoor/beeld/"vlam" uit. ✓ | 1 |
| 2.4 | Nee<br>Positiewe kenmerke soos "skoon"/"sterk"/"blind vir smart" skep nie 'n idee van somberheid nie./<br>Die vervulling in die woord "voltooi" dui nie op somberheid nie./<br>Die herhaling van die woord "mooi" in die slotreël versterk eerder die gedagte van 'n loflied./<br>Beide die lewe en die dood is vir die spreker mooi./hou 'n soort bekoring in. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie, die vraag verwys spesifiek na versreëls 9 tot 14.* | 2 |
| 2.5 | Kruisrym ✓<br>Paarrym ✓<br><br>Die slotkoeplet bevat die hoogtepunt/kern van die gedig./<br>Dit rond die gedig af tot 'n eenheid./<br>Die hoogtepunt/kern/insig van die gedig word tot 'n eenheid gebind./<br>Dit hef die gevolgtrekking waartoe die spreker kom, uit./<br>Die paarrym sluit by die sonnet se rymskema aan.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 2.6 | Die geliefde/"jy"/die skoonheid/aangesprokene ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**" 'n vigslyer sterf" – Vincent Oliphant**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | " 'n" ✓ | 1 |
| 3.2 | Paradoks/Ironie✓<br><br>Die tydsame proses van die liggaamlike verval/wegkwyning/agteruitgang van die vigslyer word aangedui./<br>Terwyl die verwagting is dat iets wat inplof vinnig sal plaasvind, is dit in hierdie geval 'n stadige aksie./agteruitgang. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.3 | Ja<br>Die woord "bros" is goed/effektief/beeldend gebruik omdat dit op die broosheid/dunheid van die vigslyer se vel dui. ✓<br>Die woord "brose" is besonder effektief/beeldend, want dit dui die breekbaarheid van die persoon se skelet aan./dit beklemtoon dat die vigslyer baie uitgeteer is./suggereer dat die vigslyer w0eerloos is./maklik kan seerkry. ✓<br><br>**OF**<br><br>*Albei woorde is effektief, want dit dui op broosheid/breekbaarheid wat in hierdie geval van die <u>vel</u>* ***asook*** *die <u>skelet</u> waar is.* ✓✓<br><br>**EN**<br><br>Die sinekdogee/"mond wat iets wil sê" (in plaas van die mens/vigslyer/die hele lyf) hef die liggaamlike verval wat plaasvind uit./beklemtoon die skreiende agteruit-gang/onvermoë om te praat van die vigslyer./bevestig die vigslyer se onmag a.g.v. die brosheid./ broosheid./liggaamlike verval. ✓<br><br>*Die kandidaat hoef glad nie te sê wát die sinekdogee in die reël is nie.* | <br>1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 3.4 | "dun seil"/"brose stokke"/"seil", "stokke"/<br>"wat soos dun seil oor brose stokke lê" ✓ | <br>1 |
| 3.5 | Dit word deur alleenplasing/kort reël/isolering (van "die lyf") uitgehef. ✓ | 1 |
| 3.6 | "sag gaan" ✓<br>"sterf" ✓ | 1<br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Twee kleuters in die Vondelpark" – Elisabeth Eybers**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "bly staan"/<br>"klein oneindigheid" ✓ | <br>1 |
| 4.2 | Die titel verwys na "twee" kleuters en 'n koeplet bestaan uit twee versreëls./<br>Die strofe bestaan uit 2 versreëls wat aansluit by die "Twee" in die titel./<br>Die koeplet sluit by "Twee" (titel) aan. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie net "twee" of "koeplet" alleen as antwoord aanbied nie.* | <br><br>1 |
| 4.3 | "Lilliput"/"kollektiewe" ✓ | 1 |
| 4.4 | "('n) saaklike barbaar" ✓<br>"('n) fyn sadis" ✓<br><br>**EN**<br><br>Die man wat in die sakewêreld aansien geniet, maar onverfynd/ongevoelig (teenoor die natuur) optree./<br>Die mens se dubbele/teenstrydige aard word aangedui deurdat iemand wat aansien in die samelewing geniet, soos 'n barbaar (in sy huis) kan optree./soos 'n sadis kan optree. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet in sy antwoord die twee dele van die oksimoron aandui.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.5 | Herhaling (van die woorddeel/-komponent "dubbel")/<br>Die woorde "dubbelswaan"/"dubbelhals"/"dubbelvlerk" in versreëls 3 tot 7 word in die woorddeel/woordkomponent "dubbel-" telkens herhaal. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die dogtertjie word iemand wat by die eise van die samelewing aanpas, terwyl sy steeds in voeling bly/hunker/smag na die romantiek./fantasie./<br>Die dogtertjie "sien webbe onderwater roer"/is in voeling met die fantasie, maar laat haar manipuleer/wegruk/konformeer tot die eise van die werklikheid. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet albei kante van die verwantskap vir EEN punt aanbied.* | <br><br>1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.6 | Ja<br>"Smetloos" beklemtoon die onbesoedeldheid/perfeksie van die swaan/ natuurbeeld, terwyl die gedagte juis in die slot oorgedra word dat die natuur onbesoedeld/onaangeraak/dieselfde bly. ✓<br><br>Die woord "dubbelswaan" sluit aan by "dubbelbeeld" in die slot, wat aansluit by die dubbele aard van die mense se verhouding met die natuur./met mekaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | <br><br><br>1<br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

" **'n Aandlied**" **– Ina Rousseau**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "(Toe die) Donderdag afsak (in die see)" ✓ | 1 |
| 5.2 | Versreëls 2 tot 5 gee die spesifieke tyd waarna die woord "oomblik" in versreël 1 verwys./<br>Die "oomblik" van versreël 1 word met besonderhede/spesifieke inligting in versreëls 2 tot 5 uitgebrei./verklaar./<br>Versreëls 2 tot 5 gee die presiese inligting oor watter "oomblik" in versreël 1 ter sprake is./dat die oomblik na die dood verwys. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die kort reël beklemtoon die kortstondigheid van die "oomblik", terwyl versreëls 2 tot 5 op die voortgang van die lewe dui./<br>Die kort reël beklemtoon die finaliteit van die dood, terwyl die normale gang van die lewe in langer reëls beskryf word./<br>Die kontras van 'n "oomblik" wat kort is teenoor die normale gang van die lewe wat langer is, word uitgehef./<br>Die kort reël beklemtoon die finaliteit van die dood/afsluiting van 'n lewe, terwyl versreëls 2 tot 5 hierdie gedagte ondersteun./alles in die natuur kom ook tot stilstand./afsluiting. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele van die antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Versreël 8: "apparate" ✓<br>Versreël 9: "outoklaaf" ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit versterk die suggestie dat die pasiënt gesterf het./<br>Die ellipsteken suggereer die normale gang van sake nadat iemand (in die hospitaal) sterf./<br>Die ellipsteken suggereer die afgeslotenheid van die hospitaalgebeure weg van die persoonlike verlies (wat in die volgende strofe uitgebeeld word). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br>1<br><br>1 |
| 5.4 | Personifikasie/Metafoor ✓<br><br>Ja<br>Die personifikasie is geslaagd aangesien die beskrywing aansluit by die teleurstelling./sterfte.<br>Die metafoor/"krenkende, strak" verwys eintlik hier na die besoeker/persoon wat toegang geweier is, se emosies./eienskappe. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | "geslinger"/"krenkende"/"strak" ✓ | 1 |
| 5.6 | Ja<br>In versreëls 1 tot 9 is daar wel rymwoorde/gebroke rym, terwyl daar in versreëls 10 tot 14 geen rym voorkom nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>In versreëls 1 tot 9 is die eindrym nie vas/volgens 'n vaste patroon nie; net soos in versreëls 10 tot 14./Daar kom nêrens 'n vaste eindrym voor nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kode "A" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat:

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Iris is van mening dat sy vanaf geboorte nêrens inpas nie./van haar geboorte af hanteer is asof sy niks weet nie./nie belangrik is nie.** | Sy sê reguit dat niemand ooit na haar geluister het nie. | Bl. 9: *Niemand het nog ooit na my geluister nie.*<br>Bl. 34: *Ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Van ek die dag gebore is, was dit so.* |
| | Sy sê dat selfs die dokter so gou moontlik padgegee het. | Bl. 9: *Met my geboorte, toe ek my eerste skree gegee het om my bestaan aan te kondig, was die dokter reeds buite in die gang ...* |
| | Haar ma erken dat sy net so gou moontlik wou slaap. | Bl. 9: *Miskien het my ma my skree gehoor alhoewel sy later vertel het sy was gedaan en het op die plek aan die slaap geraak toe ek uit was ...* |
| | Later hoor Iris dat sy 'n glips/onbepland was. | Bl. 26: *Dis vernietigend om te hoor jy was 'n glips terwyl jy midde-in jou eksistensiële krisis is ... " 'n Glips?" het ek gefluister. " 'n Fout? Ek was nooit veronderstel om te leef nie?"* |
| | Haar pa was nie teenwoordig tydens haar geboorte nie./het net later terloops kom kuier. | Bl. 9: *Pa was nie by nie ... Pa het sy telefoonnommer by die ontvangsdame gelaat en kantoor toe gery.* |
| | Selfs haar ma se vriendin, die kraamsuster, was nie beïndruk met haar koms nie. | Bl. 9: *"Nog 'n dogter, ..."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Ook haar susters het nie juis omgegee oor haar koms nie. | Bl. 9: *Hulle was nie beïndruk nie en het eintlik net gekom om Ma te sien en hulle leeslesse hardop vir haar te lees ...* |
| **Iris se ongewone gesin dra daartoe by dat sy vreemd/ anders voel.** | Iris se pa is asosiaal. | Bl. 34: *Pa het selde sinne van meer as vier woorde gebruik ... Omdat hy self nie veel gepraat het nie, het hy nooit leer luister nie en toe hy boonop trou met 'n vrou wat haar sinne onvoltooid in die lug laat hang, was ons lot verseël.* |
| | Iris se ma verdwyn in haar eie droomwêreld./verloor gereeld kontak met die buitewêreld. | *Bl. 34: ... maar haar vertelling het weggewaai, verlore geraak in die volgende opmerking. Haar gedagtes, soos los dry-wende wolkies, was klaar weg, ...* |
| | Iris se susters beleef hul eie identiteitskrisisse: Kara soek ontvlugting; Elsa probeer altyd in beheer wees. | Bl. 35: *Geen wonder dat Kara ontvlugting gesoek het in haar Middeleeuse kuns, Elsa in die hiperpraktiese en ek in my fantasieë nie.* |
| **Iris beskou haar van kleinsaf self as superieur bo haar gesin – 'n verdere bewys dat sy by hulle nie inpas nie.** | Sy dink haar gesin is dom./dat sy die enigste een met insig oor bv. die waarde van haar naam, is. | Bl. 10: ... *maar in my diepsin-nige puberteit het ek geswyg en my gesit en verwonder oor hulle domheid ... en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie, maar as ook besonder skerpsinnig.* |
| | Die afwesigheid van haar sus-ters se name in die woordeboek laat haar boonop dink dat sy be-ter as hulle/verhewe bo hulle is. | Bl. 11: *Ek het meerderwaardig gevoel ...* |
| | In haar eie oë is Iris selfs slimmer as haar ma. | Bl. 12: *Ek het gesug. Ek en my susters moes versigtig groot-maak aan ons ma.* |
| **Op skool is dit duidelik dat Iris nie eintlik inpas nie; sy is anders as die gewone kind.** | In plaas daarvan dat sy aandag gee in die klas, verloor sy haar in die woordeboekbetekenisse van haar naam. | Bl. 11: *"Ipso facto, Iris!" het die onderwyser gebulder.* |
| **Iris ervaar dat niemand in haar gesin na haar luister nie./dat haar mening geen waarde het nie.** | Haar ma stel nie regtig belang in wat sy sê nie./is in elk geval in haar eie wêreld/gedagtes verlore. | Bl. 13: *Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie.*<br>Bl. 19: *Dit was baie duidelik dat sy my weer eens nie gehoor het nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Haar pa laat haar nie toe om 'n mening te lug nie. | Bl. 20: *"Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan jou stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."* |
| | Iris se familie verstaan haar nie. | Bl. 27: *Elsa het verward na Ma gekyk. "Waarvan praat die kind?"* |
| **By gesinsgesprekke word Iris uitgesluit – sy pas nie in nie.** | Iris beleef dat sy nie betrek word nie. | Bl. 21: *Ongelukkig was Elsa teen daardie tyd klaar getroud en het nie belanggestel in my ontleding van haar gebrek nie.*<br>Bl. 34: *Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie. Ek het nie geweet waarvan ek praat nie.* |
| **Aangesien Iris die jongste in die gesin is, voel dit of sy nooit erkenning kry nie./ nooit so belangrik soos haar sussies is nie.** | Sy kry haar susters se ou klere en speelgoed./Sy voel soos Aspoestertjie wat nie plek of voorregte gegun word nie. | Bl. 14: *... ek het die speelgoed en dikwels die klere gekry waarvoor my susters moeg was.*<br>Bl. 14: *Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel behalwe dat ...* |
| | Selfs haar ervarings was nooit so goed soos hulle s'n nie. | Bl. 25: *En die ergste: elke keer dat ek deur 'n krisis of interessante stadium gegaan het, was my susters my voor, het hulle die kalklig gesteel deur iets meer dramaties te doen.*<br>Bl. 34: *Wat ek ook al gedoen het, was reeds deur hulle gedoen.* |
| | Selfs herinneringe oor die tyd toe sy klein was, is nie noukeurig opgeteken soos dié van haar susters nie. | Bl. 34: *Ma het 'n boek aange-hou ... Sy het dit probeer vol-hou ná my geboorte, maar ek het die boek gelees. Onder "eerste woord" staan "mama" en daar hou die inskrywings op.* |
| **Iris is van mening dat sy selfs nie by Riekie inpas nie, want sy speel tweede viool by hom.** | Iris dink Riekie kuier net by haar om naby aan Kara, wat nie in hom belangstel nie, te wees | Bl. 16: *... en ek vermoed hy sou Kara verkies het, behalwe dat sy toe midde-in haar non-stadium was.* |
| **Iris is anders as die meeste jongmense.** | Sy en Riekie gaan nie fliek nie, omdat sy nie van springmielies hou nie. | Bl. 17: *... omdat ek die reuk van springmielies steurend gevind het.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris leef haar eie fantasie-lewe/skep vir haar 'n fantasiewêreld.** | Iris besluit self dat sy nie inpas in haar realiteit nie en vind dit daarom nodig om te ontsnap na haar eie, volmaakte fantasie-wêreld. | Bl. 17: *Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin ...*<br>Bl. 17: "*Dis nodig, Riekie, dis nodig," het ek gefluister en geweier om die werklikheid in die gesig te staar.* |
| | | Bl. 23: *Ek het my blik wegge-dwing van die vraatsige bruid en na die blomme voor my op die tafel getuur terwyl ek Eduard herroep en ons ver-houding laat ontwikkel.* |
| | Iris beleef onbekende ervarings (soos Elsa se swangerskap) in haar eie fantasieverhale. | Bl. 28: *Ek was nie van plan om "in die moeilikheid" te beland nie, daarvoor was ek te nugter, maar in my verhaal sou ek verwagtings, babas en geboorte omskep tot 'n fantasie.* |
| **Iris erken self dat sy as buitestanderfiguur grootge-word het.** | Sy vorm, deur haar susters dop te hou, haar eie idees oor die lewe sonder om self betrokke te raak. | Bl. 25: *Ek het hulle fyn dopgehou, hulle lewens geëvalueer en dit as 'n teoretiese oefening gesien om vas te stel hoe ek in 'n soortgelyke situasie sou optree.* |
| **Omdat Iris ervaar dat sy nêrens inpas nie, onttrek sy haar doelbewus aan mense.** | Sy tree asosiaal op en besin oor die lewe./haar plek in die lewe./beleef 'n eksistensiële periode. | Bl. 25: *Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel. Niemand het eens opgekyk nie, ...* |
| **Selfs in haar keuse van 'n werk tree Iris anders as ander mense op.** | Iris kies om die tandarts se stoelassistent te wees eerder as om werk te doen wat met haar opleiding verband hou, want sy wil fantaseer. | Bl. 42: *Ek wou nie 'n werk hê wat my gedagtes in beslag sou neem nie ... My kop sou onbetrokke bly.* |
| **Iris oor-analiseer alles wat met haar gebeur, wat daarop dui dat sy nog nie inpas nie./Selfs Peter se optrede teenoor Iris laat haar besef dat sy nie soos die gewone meisies is nie.** | Iris se oor-analisering/bevraag-tekening van feitlik alles maak selfs vir Peter op 'n stadium moedeloos. | Bl. 48: *"Dis 'n debatteerbare punt," het ek gesê. "Soos ek dit sien, is alle plante lewend en ... Hy het sy hand oor my mond gedruk ... "Bly stil, Iris," het hy gesê. "Bly stil. Ek wil nie 'n verdere woord van jou hoor nie."* |
| **Iris wil doelbewus nie inpas by ander mense se idee van aanvaarbaarheid nie.** | Haar kleredrag en voorkoms as sy gaan werk, lok baie negatiewe kommentaar van haar susters uit. | Bl. 53: *Ek het gehou van my voorkoms ... In die winter het ek swart kouse en plat toeryg-skoene gedra. My "klooster-rokke" was almal grys of swart.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die teenwoordigheid van die Engel in Iris se lewe, iemand wat ander mense nie kan sien nie/wat ander mense gespanne of onge-maklik maak, bewys dat sy eintlik nie inpas nie.** | Dit verhinder haar nie om vir verskillende mense van die Engel te vertel nie. | Bl. 64: *Ek het die storie vir dokter Anders vertel ...*<br>Bl. 104: *Sowaar. Jy sien, my ouma het haar eie spesiale Engel gehad en ek het die gevoel die man is nou by my. Saamgevlieg, blykbaar. Billy het sy oë gerol. "Uh-huh."*<br>Bl. 151: *Maar in 'n laaste desperate poging het ek haar van die Engel vertel en dit was 'n kolskoot.* |
| | Iris vervreem haar skoonpa van haar nog voordat hulle mekaar werklik ken deur hom van die Engel te vertel. | Bl. 199: *"Kwit," het hy gesê. Die kind sien gesigte. Ek gaan na my duiwe toe." ... "Mag ek saamstap?" ... "Jy bring nie geeste met jou saam nie."*<br>Bl. 204*: Ek het gevoel dat ek gefaal het as aanstaande lid van die familie.* |
| **Iris se onrealistiese beheptheid met fantasie en drome beklemtoon die feit dat sy nie eintlik gewoon is/inpas nie.** | Peter is erg ontsteld as hy dink dat sy saam met hom gegaan het omdat sy 'n fantasiekarakter met die naam Peter het. | Bl. 62: *Hy het deur sy hare gevee sodat hulle regop gespring het om die twee kroontjies. "En ek is deel van so 'n versinsel?"* |
| | Sy droom van Peter wat sy verloofde, Marie, aan haar bekendstel en verwyt hom daaroor as sy vir hom gaan kuier. | Bl. 81: *Die droom, en veral my wanhoop, was so reëel dat ek nie kon glo dit was net 'n maaksel van die verbeelding nie. ek het na my verkreukelde nagrok gekyk en gesoek na die modderstrepe; ...*<br>Bl. 132: *"Ken jy 'n Marie?" het ek gevra toe ek skielik van my droom onthou.* |
| **Iris se swak selfbeeld/erva-ring dat sy nêrens inpas nie kom ook na vore wanneer sy nie in staat is om kompli-mente te waardeer nie.** | Die gas by Kara en Claude se kuier wil vir Iris afneem, maar sy dink nie hy is ernstig nie. | Bl. 92: *"As jy wil, sal ek foto's van jou neem," het hy aangebied. "Ek het 'n kamera het ek gesê.* |
| | Iris vererg haar as Joe foto's van haar neem. | Bl. 99: *"Vir wat het jy my afgeneem?" het ek kwaad gevra. "Dink jy jy is hier om 'n moderne pelgrim se tog deur die bose stad vas te lê?"* |
| **Die feit dat Iris van Suid-Afrika kom, lei daartoe dat selfs die taxibestuurder haar anders behandel, asof hy daarmee wil bevestig dat sy selfs in Amerika nie inpas nie.** | Die taxibestuurder is geskok wanneer Iris vir hom sê waar sy vandaan kom. | Bl. 94: "*Ons is die rassiste," het ek behulpsaam genoem. Dié keer het hy behoorlik uitgeswenk en stilgehou.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die hotelpersoneel in New York vind Iris ook vreemd en hanteer haar soos iemand wat nie inpas nie, nie daar behoort te wees nie.** | Iris kan glad nie hulle onvriendelikheid verstaan nie; self vind sy dit nodig om die hotelpersoneel te kritiseer. | Bl. 98: *"This ain't the Hilton, lady," het hy gesê ...*<br>Bl. 108: *Ek het nader gestap. "Jy pla my. Ek is vreemd hier, soos ongetwyfeld die meeste van jou gaste. Jy kan ons help deur vriendeliker te wees, meer tegemoetkomend. "Is dit so?" Hy het effens geglimlag.* |
| **Iris se naïwiteit/goedgelowigheid in New York lei daartoe dat mense haar as vreemd beskou./Iris beleef dat mense haar uitlag.** | Iris het nie geld by haar toe hulle gaan skoene koop nie en Joe betaal daarvoor. | Bl. 99: *Hy het gemaklik gelag en die swaaideur vir my oopgehou.* |
| | Die taxibestuurder kan dit nie glo dat hy weer met haar opgeskeep is as hy in die park sit en eet nie. | Bl. 102: *... en die benieude uitdrukking op sy gesig verbygekyk.*<br>Bl. 103: *Hy het hard met sy tong geklik ... "Jy soek moeilikheid en jy gaan dit kry."*<br>Bl. 105: *Jy's 'n kind hier. Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?" Hy het gegrinnik ...*<br>Bl. 106: *"Waarom ek?" het hy gevra. "Waarom word ek uit agt miljoen mense gekies om 'n dom Suid-Afrikaner te help?"* |
| **Iris ervaar in Vermont dat nie net Peter nie, maar ook Bettie en Brian haar as anders ervaar en daarom pas sy moeilik in.** | Bettie is ontsteld dat Iris anders optree as wat sy/normale mense sou optree en die modelaanbod van die hand wys. | Bl. 137: *"Nee!" het Bettie gekryt. Sy het haar hand oor haar mond gedruk en gelyk asof sy gaan huil.*<br>Bl. 140: *"Nee!" het Brian gesê. "Jy moet baie selfvertroue hê om dit te kan doen."* |
| | Peter bevestig haar andersheid wanneer hy dreig om sy kop in die sneeu te begrawe as sy weer haar naam en die moontlike blomoomblik gaan noem. | Bl. 140: *"Wat een keer per jaar blom," het Peter wanhopig gesê.* |
| **Eers wanneer Iris haarself en haar omstandighede aanvaar, ervaar sy dat sy by Peter pas en eers dán vind sy ware geluk.** | Die fantasiekarakters verdwyn en Peter neem haar gedagtewêreld oor. | Bl. 213: *Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Na Peter ✓ | 1 |
| 7.2 | Sy wil nie vasgevang wees nie./wil nie aan tafel oorkant iemand sit wat nie meer luister nie./<br>Elsa se onromantiese huwelik maak haar negatief./Iris se ouers se vreemde huwelik het wel 'n invloed op haar siening van die huwelik./sê haar ouers se huwelik is nie navolgenswaardig nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Iris besef dat sy gelukkiger as Bettie is omdat sy 'n man het wat met haar wil trou./<br>In Vermont besef Iris dat 'n huwelik met Peter haar sal vervul./<br>Sy besef dat Peter 'n goeie pa sal uitmaak./<br>Sy droom in die hospitaal (in Vermont) drome oor 'n gesin saam met Peter./oor haar lewe as Peter se vrou. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>2 |
| 7.3 | Bettie bedryf 'n suksesvolle ysterwarewinkel, maar sy is permanent ontevrede./gefrus-treerd./ongelukkig./neerslagtig./'n smartvraat./<br>Sy handhaaf haar suksesvol in 'n manswêreld/-beroep, maar skep die indruk van 'n patetiese vrou./<br>Bettie doen loodgieterswerk/herstelwerk in en om die huis, maar sy sukkel om haar verhoudings te herstel. ✓<br><br>Brian is 'n ingenieur, maar hy is onhandig/onprakties/lomp m.b.t. doodgewone huishoudelike take (volgens Bettie). ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied telkens 'n antwoord aan wat beroep én persoonlikheid kombineer.*<br>*Die kandidaat bied vir elke karakter EEN antwoord aan.* | 1<br><br>1 |
| 7.4 | Die tema dat 'n mens 'n spesifieke blomoomblik beleef./Iris se obsessie met 'n blom-oomblik. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Iris toets juis verskillende oomblikke om by die (moontlike) blomoomblik uit te kom./<br>Sy sprei juis haar vlerke om in Amerika nuwe mense (Peter)/geleenthede te gaan beproef.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sy is so behep met een spesifieke blomoomblik dat baie ander/moontlike geleenthede ongebruik verbygaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.5 | Net na Peter by die hotel aankom, sê die Engel aan Iris dat Peter moeg is./<br>Hy sê Iris is dwaas/dom om met Peter oor haar naam te praat toe hulle op pad is na die modelagentskap./<br>Hy sê sy is taktloos om oor Brian se eerste vrou te praat./<br>Hy sê vir haar om nie alle mense te wantrou nie wanneer sy met Joe gesels./<br>Hy sê dat dit lelik is om vir Joe te jok. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Sy is nie in staat om self besluite te neem nie./verkies om die verantwoordelikheid vir keuses aan iemand anders oor te laat./maak op haar eie verkeerde keuses./neem dwase besluite./is nog op soek na haar eie identiteit./naïef. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br>1 |
| 7.6 | Iris kies om (as tandartsassistent te werk wat) nie haar universiteitsopleiding te benut nie, terwyl haar pa wil hê sy moet iets volgens haar kwalifikasies doen. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy wil 'n beroep hê waarin sy steeds tyd het om haar fantasieë uit te leef./<br>Dis eie aan haar aard om anders te wees./<br>Sy wil nie verantwoordelike besluite neem nie./<br>Sy wil 'n beroep hê waar sy nie afgesonder van ander mense is nie./<br>Sy wil 'n beroep hê waar daar genoeg mense is om mee te klets. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>2 |
| 7.7 | Haar besluit om haar skoonfamilie beter te leer ken. ✓ | 1 |
| 7.8 | Dit gee vir Iris 'n aanknopingspunt om oor haar naam te praat./<br>Die familie (Jonsie en Merel) en Iris leer mekaar ken./<br>Dit openbaar dat name vir Jonsie en Merel ook belangrik is. ✓ | 1 |
| 7.9 | Griekse godin van die reënboog ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Iris het op daardie stadium 'n grys rok aan./'n roomkleurige tjalie./het kortgeknipte naels./regaf hare wat nie by die beeld van 'n Griekse godin/reënboog pas nie. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br>1 |
| 7.10 | Sy leer van kleins af om haar eie bed op te maak./<br>Sy leer Iris om haarself uiterlik te versorg./om haar hare te vleg./<br>Sy maan haar tot versigtigheid in vreemde situasies. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.11 | Ja<br>Die oom bejeën haar met wantroue./vertrou haar nie by sy duiwe nie./hy keur nie die Engel se teenwoordigheid in haar lewe goed nie./<br>Hy sê vir Jonsie dat sy kan goël.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy behoort begrip te hê vir sy ongemaklikheid met die teenwoordigheid van 'n Engel by hulle./<br>Sy moet sensitief wees vir Peter se gevoelens wanneer sy en haar skoonpa spanning het./<br>Dis haar skoonpa teenoor wie sy respek behoort te betoon. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.12 | Teks A – Vermont ✓<br>Teks B – Suid-Afrika/by Peter se ouerhuis ✓<br><br>**EN**<br><br>Bettie is geskok oor die Engel se aanwesigheid./lag vir Iris uit oor haar stories van die Engel. ✓<br><br>Die skoonma/Peter se ma/Ans/die "oom" se vrou tree nie vreemd teenoor haar op nie./tree doodnormaal teenoor haar op./aanvaar Iris onmiddellik. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir elke ruimte vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kodes "H" en "W" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat:

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Ouma Essie tree deurgaans as Christelike leier op Manaka op. Haar uitlewing van geloof is vir almal, ook vir Baas, 'n voorbeeld**. | Sy is die matriarg van die Mulambwa-familie wat in Barotseland gerespekteer word./Ouma Essie word as Manaka se geestelike leier geag na haar man, die vorige geestelike leier, se dood./Sy word deur die Lozi's die "Profeet van die Bybel" genoem./Ten spyte van die Profeet van die Bybel se ywer het die sendinggedagte op Manaka doodgeloop./wil Baas niks met godsdiens te make hê nie. | Bl. 100: *"Die naam Mulambwa loop vir baie geslagte al saam met die naam Lewanika, wat die naam van die koningshuis is. Die betekenis van die naam Mulambwa is 'vriend'."*<br>Bl. 43: *"My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem."*<br>Bl. 70: *"Ek is die vrou van muluti Joseph, die man wat dood is."* |
| | As Profeet van die Bybel is ouma Essie die herder van die plaaslike mense; sy ontferm haar daarom oor die wit man, Baas, ten spyte van sy aanvanklike onbetrokkenheid en aggressie. | Bl. 70: *"En die skape wat die Here my gegee het om op te pas."*<br>Bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie."* |
| **Ouma Essie se woorde speel 'n groot rol in Baas se uiteindelike besef dat hy as geestelike leier moet optree.** | Ouma Essie, as geestelike leier, maak dit duidelik dat sy Baas as 'n Christen beskou; sy huiwer nie om dit vir Baas te sê nie./Grace verwys na ouma Essie se uitsprake oor hom, al maak dit Baas woedend./ontken hy sy Christenskap. | Bl. 91: *"Ek wil graag vir meneer Baas werk. Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is. Hy is 'n goeie man." Grace sit haar hand oor Baas se mond voor sy verder tolk: "Hy is 'n Christen."*<br>Bl. 91: *Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Ouma Essie se oortuiging dat Baas deur die Here uitverkies is om die mense van Manaka te kom help, lok aanvanklik teenstand by Baas uit, maar met die wegbring van die pille vir Grace volg hy reeds in ouma Essie se voetspore deur aan ander goed te doen. | Bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie."*<br>Bl. 118: *Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."* |
| | Ouma Essie se stelling dat die Here vir sy kinders drome gee en dat Baas se droom om 'n boot op die rivier te bedryf die plan van die Here is om hom op Manaka te kry, herinner Baas aan sy roeping om 'n verskil op Manaka te maak. | Bl. 203: *Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê.*<br>Bl. 118:*"Ek maak nie die Here nie. Die Here maak my ... Dit is wat die Here sê."* |
| | Ouma Essie gee vir Baas raad om met Whitey te praat oor sy oupagrootjie./Sy probeer hom help om sekerheid te kry, want sy weet dit kan 'n rol in sy planne/verblyf op Manaka speel. | Bl. 123: *"Meneer Whitey is iemand wat miskien ook iets weet van die man wat Manaka begin het," sê sy ...*<br>Bl. 178: *"Hy was nogal 'n groot ou Christen ook, weet jy."*<br>Bl. 178: *"Ja, hy was 'n doperige ou Christen."* |
| **Ouma Essie se oortuigde Christenskap, soos blyk uit haar woorde, laat konflik by Baas ontstaan.** | Sy verwys, onwetend, na Baas se oupagrootjie as die vroeëre versorger van Manaka, waarmee sy suggereer dat Baas in sy spore behoort te volg – iets wat hy aanvanklik onaanvaarbaar vind. | Bv. bl. 117-118: *"Die man wat die Here uitverkies en gestuur het om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter ... baie jare na die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie. En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur* ?"<br>Bl. 118: *Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."* |
| | Ouma Essie se belydenis dat sy haar Bybel in die water gegooi het toe sy twyfel ervaar het/vir die Here kwaad was, laat Baas besef dat alle gelowiges soms in hul geloof twyfel./Haar belydenis bevestig haar geloof in God se reddende hand – die Here het haar gered toe sy eintlik moes verdrink het, maar terselfdertyd probeer sy Baas gerusstel dat sy twyfel hom nie van die Here vervreem nie. | Bl. 163: *"Maar toe ek van my huis hier by Manaka weggevat word, en van my kerk af ... Toe het ek, toe ek al 'n ou vrou was, my Bybel in die rivier gegooi ..."*<br>Bl. 163: *"Ek het ingespring en die Bybel gaan uithaal ... Ek dink die Bybel het my gehelp om te dryf want ek kan nie swem nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Ouma Essie dwing Baas om te erken dat hy oor sy godsdiens verward is/nie glo wat die Bybel sê nie, want hy bevestig dat hy twee Bybels het, maar nie die antwoorde wat hy soek nie./ | Bl. 202: *"Ek wil weet of jy in hierdie Boek glo, jongman. Dit help nie ons staan daaroor en praat as jy nie glo wat hierin staan nie. Het jy 'n Bybel?"* *"Ek het meer as een Bybel, ouma Essie. Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie."* |
| | Ouma Essie gee Baas opdrag om sekere teksgedeeltes in Romeine te gaan soek in 'n poging om hom te dwing om mét die Bybel selfondersoek te doen./Sy konfronteer hom met die waarheid van sy eie geloof, want haar opdrag om in Romeine te lees, skep by hom die behoefte na meer kennis . | Bl. 203: *"Dis nie ons wat jou pla nie ... Dit is die Here, jongman," sê sy.* *Bl. 202: "Nou vat al twee saam en gaan lees Romeine 10 vers 20."* Bl. 207*: "Wat weet jy van Jesus?" vra Baas.* |
| | Ouma Essie leer Baas om te besin/na te dink oor sy rol op Manaka, want sy vra hom of dit nie sy doel is om dieselfde hulp as die vorige Chipman op Manaka te gee nie. | Bl. 234: *Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê. Is dit dalk ook die familiekwaal ...* |
| | Ouma Essie se opdrag aan Baas om die teksgedeeltes uit Romeine te lees, dwing Baas tot selfondersoek oor Christenskap, want hy slaan dit in Whitey se Bybel na en wonder waarom hy nooit gewonder het of hy die Bybel glo nie. | Bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?* |
| | Ouma Essie se woorde oor Baas se roeping en die Bybel ontketen innerlike konflik by Baas, want die woorde weerklink in Baas se gedagtes juis wanneer hulle by die afgebrande kerk staan./herinner hom aan Whitey se verwysing na hul familiekwaal, nl. om ander te help omdat hulle wíl, nie om iets terug te verwag nie. | Bl. 234: *Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê.* Bl. 234: *Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het?* Bl.191*: "Omgee is 'n familiekwaal."* |
| | Ouma Essie se antwoorde op Baas se vrae help Baas om sy identiteit as gelowige terug te vind./Ouma Essie beantwoord sy vraag oor wat van 'n mens 'n Christen maak./Ouma Essie se oortuiging gee vir Baas innerlike vrede dat hy steeds 'n Christen is. | Bl. 202: *"Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Ouma Essie se dade bewys dat sy haar geloof uitleef – dié voorbeeld beïnvloed Baas.** | Ten spyte van haar ouderdom aanvaar sy verantwoordelikheid vir die versorging van Grace./ Ouma Essie ondersteun ook die weeskind, Sitali, deur hom in haar huis in te neem en groot te maak./ Baas sien dus hoe omgee-in-aksie lyk. | Bl. 93: *Ek en my ouma Essie sal hom grootmaak. Sy ouma Miriam kan hom nie grootmaak nie. Noudat sy oud word, sukkel sy te veel om met een voet te loop.* |
| | Ouma Essie versorg, uit eie keuse, Baas se honde terwyl hy in die hospitaal is. Sy wys dat omgee 'n Christen se lewe kenmerk. | Bl. 70: *Die ou vrou kom stadig van die buitetafel af nader. Sy het klaar vir die honde kos gegee.* |
| | Ouma Essie bring vir Baas 'n hoender om vir die sendelinge kos te gee en stel so die voorbeeld van gasvryheid en omgee teenoor ander mense./Sy leer hom indirek dat hy vir die vreemde mense verantwoordelikheid moet aanvaar./Sy dwing Baas eintlik met dié optrede om te verstaan dat die Here die sendelinge gestuur het soos Hy Baas gestuur het. | Bv. bl. 105: *"Dit is vir jou om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het." Baas vat die hoender.* |
| | Ouma Essie tree op as bemiddelaar tussen Baas en die sendelinge, want sy ontlont die spanning tussen die twee partye./ Ouma Essie se aanvaarding van die sendelinge as gestuurdes van God/se reëlings m.b.t. die sendelinge se verblyf op Manaka dwing Baas om die sendelinge te aanvaar./hulle teenwoordigheid te duld./by die nuwe reëlings in te val – weer eens word hy deur ouma Essie se voorlewing beïnvloed. | Bl. 118: *"Dit is die plek wat die Here deur die khuta aan hulle toegewys het. Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry. Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees. Daar bo is nie genoeg koelte om kerk te hou nie. Dit is wat die Here sê."* |
| | Ouma Essie wys vir Baas (en al die ander) dat konflik nie oplossings bring nie, maar dat gesprekvoering/respek probleme uit die weg ruim./Sy tree as tussenganger tussen Baas en die khuta op om te verseker dat hy in Barotseland kan aanbly om sy droom te bewaarheid./later die rol van versorger op Manaka kan oorneem./Indirek wys ouma Essie Baas op die verskil wat hy reeds maak. | Bl. 167: *"Ek sal hier bly sit dat ek met my eie ore kan hoor of iemand wat sy geld op honger mense en siek mense in jul families uitgegee het, ook weggejaag word."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Met doelgerigte handelinge berei ouma Essie vir Baas voor op die rol wat hy op Manaka, as háár opvolger, moet vervul.** | Sy gee – toe Baas se klere vir hom te groot is en ten spyte van 'n handgevlegte lyfband – muluti Joseph se lyfband vir Baas, want sy glo dat Baas oor die geestelike krag beskik om haar man se opvolger te wees./sodat Baas geleidelik in die rol van geestelike leier kan ingroei./want sy weet dat Baas daardeur die simboliek sal verstaan dat hy die volgende leier van Manaka moet wees. | Bl. 121: *"Dit is my muluti Joseph se lyfband. 'n Sterk man moet 'n sterk lyfband dra." Hulle is lank stil. Die lyfband pas.* |
| | Ouma Essie spreek haar teen onreg uit, want sy wys die ngambela (meneer Kebbey) tereg ter wille van regverdigheid, al is sy 'n vrou. So demonstreer sy aan Baas hoe belangrik dit is om op te staan vir iets waarin 'n mens glo./Sy skroom nie om die khuta aan te spreek oor hulle verkeerde optrede nie. | Bl. 47: "*Jy ken mos niks anders as om mense te verneuk nie."*<br>Bl. 166: *"Waar is daardie huis en daardie kerk wat ek en my muluti Joseph vir ons en vir die Here gebou het nou?"*<br>Bl. 167: *" ... dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom dié vergadering van hierdie khuta nie meer met 'n gebed oopgemaak word soos dit al die jare was ..."* |
| | Ouma Essie se hantering van die sendelinge op Manaka asook die verwoeste kerk leer Baas enersyds verdraagsaamheid teenoor mense van wie hy nie hou nie; andersyds leer hy om tot aksie oor te gaan en saam te werk./Waar Baas die sendelinge aanvanklik van Manaka wil weghê, help hy nou met die herstelwerk van die sendingkerkie. | Bl. 183: *Baas en Nanna staan langs mekaar op hulle knieë om die dekgras oor die kerk se nat vloer te versprei. Hulle slaan die tent op en hy help haar die bed indra.* |
| | Ouma Essie gee vir Baas 'n hondjie in die plek van Brindle, waarmee sy suggereer dat Christene vir mekaar sorg./suggereer sy dat hy in die toekoms 'n leierhond op Manaka sal benodig./dat sy reeds aanvaar dat hy bly./ | Bv. bl. 239: *"Dit is 'n hond wat ouma Essie gister al vir jou gestuur het," sê Grace.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Ouma Essie se optrede en uitlewing van haar geloof help Baas om homself te vind, sy geloof te herontdek én te besef wat sy roeping op Manaka is, nl. dat hy – net soos ouma Essie gemaak het – sy oupagrootjie se sendingwerk en omgee moet voortsit.** | Ouma Essie se opdrag om in Romeine te lees asook die woorde in sy ma se Bybel (langs sy verjaarsdagdatum) bring vir Baas sekerheid en vrede: hy lees nou gereelder/sommer vroeg soggens uit sy ma se Bybel. | Bl. 240: *... vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.* |
| | Baas gee muluti Joseph se lyfband aan ouma Essie terug wanneer hy besef dat hy in sy rol as geestelike leier ingegroei het; dat hy simbolies die verantwoordelikheid as die versorger van Manaka oorneem./Baas aanvaar verantwoordelikheid om na Manaka te kyk./stel ouma Essie op haar siek-bed gerus dat sy nie oor Manaka bekommerd hoef te wees nie. | Bl. 243: *Hy haal muluti Joseph se lyfband af en sit dit onder haar verrimpelde hand op haar bors. "Dankie ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."* |
| | Direk daarna bid hy, vir die eerste keer in jare, net soos ouma Essie in die openbaar gebid het, by haar siekbed. | Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen," sê Baas.* |
| | Hy suggereer dat hy – noudat die sendelinge weg is – die kerk sal herbou sodat dit vir die mense van Manaka bruikbaar is. | Bl. 244: *"Die deure en vensters vir die kerk en huis het gekom," sê Baas.* |
| | Baas (en Grace) herstel die bankies onder die worsboom wat daarop dui dat die Woord op Manaka sal voortleef en dat Baas 'n groot aandeel daarin gaan hê./dat Manaka die gemeenskap se bymekaarkomplek sal wees, soos dit in die tyd van sy oupagrootjie en muluti Joseph was. | Bl. 112: *"As daar óóit bankies onder daardie worsboom gebou word, sal ék dit bou*."<br>Bl. 118: *"Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees."*<br>Bl. 244 tot 245: *Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Baas se skoonouers vat sy kind toe hy die uitstaande lobolageld nie kon betaal nie./ Sy vrou is dood. ✓ | 1 |
| 9.2 | Die Skoenlappervanger ✓<br><br>Hy is deur die Kanadese regering gestuur om (in Afrika) skoenlappers vir die staatsmuseum te vang. ✓ | 1<br><br>1 |
| 9.3 | Ja<br>Baas het vakansietye geleer roei/'n boot gebou – wat hom voorberei het op sy bootdroom in Barotseland./<br>Baas het as seun geleer om 'n uithalerskut soos sy oupagrootjie te wees – wat hom voorberei vir die rol as jagter in Barotseland./<br>Baas ontwikkel die vermoë om as jagter tot die einde op die spoor van 'n dier te bly/ bly by die span jaghonde – wat hom deursettingsvermoë gee om op Manaka aan te hou./<br>Sy oupagrootjie word sy rolmodel wat hom subtiel voorberei op sy rol as geestelike leier op Manaka. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.4.1 | Omgee/onselfsugtigheid/ubuntu ✓ | 1 |
| 9.4.2 | Christenskap/liefde vir hulle Here/toewyding aan geloof ✓ | 1 |
| 9.5 | Grace ✓<br><br>Grace se ouers is dood in 'n landmynontploffing./ook vermoor./<br>Die landmyne is deur Suid-Afrikaanse soldate/Baas se landsburgers geplant./<br>Grace vergewe die moordenaars. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aa*n. | 1<br><br>2 |
| 9.6 | Hy is spyt dat hy nie sy ouers na die eerste aanval weggeneem het van die plaas af nie. ✓<br>Hy is spyt dat hy nooit vir sy ma gevra het wat van 'n mens 'n Christen maak nie. ✓<br><br>Nee<br>Baas was nie verantwoordelik vir sy ouers nie./Hulle was selfstandige mense met 'n reg tot eie keuse./Sy ouers het, ten spyte van die gevare op die plaas, verkies om daar te bly.<br>Baas se ouers het hom van kleins af met hulle voorbeeld/dade/woorde geleer hoe 'n Christen moet leef.<br><br>**OF** | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Ja<br>Hy is 'n omgeemens wat die belange van sy gesin/familie op die hart dra./wat veroorsaak dat hy skuldig voel oor hy hulle nie kon red nie./<br>Hy sou vroeër kon terugkeer plaas toe wat dalk sy ouers kon oorreed om weg te gaan./<br>Hy het die geleentheid gehad om sy ma se Bybel saam te neem, maar hy het aanvanklik geweier om dit saam te neem. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.7 | Chisupo kap Baas se boot los./Hy kap die toue af (wat die boot laat wegdryf)./ Chisupo kap takke om 'n vuur teen die kerkmuur te maak wat die sendingkerk laat brand. ✓<br><br>Baas aanvaar verantwoordelikheid vir die sendingkerk./Die bootdroom is vernietig./ Hy onthou dat die Here vir 'n mens 'n droom gee om hom bewus te maak van sy roeping. ✓ | 1<br><br>1 |
| 9.8 | Meneer Chisupo vrees Baas se krag./weet dat Baas se krag groter as sy eie is./sien nie kans om aan Baas oorgelewer te wees nie. ✓ | 1 |
| 9.9 | Grace se eie lewe getuig van omgee teenoor alle mense, behalwe teenoor meneer Chisupo./doen nooit iets daadwerkliks om Chisupo te help/vir hom om te gee nie. ✓<br><br>Baas voorsien aan almal wat in nood is, kos/vleis, behalwe aan meneer Chisupo. ✓ | 1<br><br>1 |
| 9.10 | Whitey kom uit 'n voorgeslag van sendelinge wat veroorsaak dat sy lewe 'n getuienis van 'n omgeehart is./dat hy ander mense graag help. ✓<br><br>Nanna is 'n sendeling se vrou, wat intens omgee vir mense./het deernis met ander mense se swaarkry./raak betrokke by mense./meer mense kerk toe trek as haar man. ✓<br><br>Hoewel ds. Griesel du Pisani 'n sendeling is, sien hy neer op sy gemeente./het hy nie 'n omgeehart nie./verkondig hy nie liefde nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir elke karakter vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat verwys na "sendeling" én "omgeebloed" in sy/haar antwoord.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.11 | Morena ✓<br><br>Baas kap Morena se horings teen die grenspaal vas, net soos sy oupagrootjie/die Buffeljagter gedoen het./<br>Hy gee die buffel vir Johnnie se skoonfamilie waarmee hy sy oupagrootjie se lobola-skuld betaal. ✓ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

***VATMAAR*** **– AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kodes "B", "E" en "V" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat:

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die Tweede Vryheidsoorlog is die gevolg van Brittanje wat die Boererepublieke probeer "vat".** | Die Boererepublieke beskik oor ryk neerslae goud en ander gesteentes wat die Engelse wil hê. | Bl. 14: *South Africa is now part of the British Empire.* |
| **Die Engelse "vat" ook die Griekwas se kultuur en geloof/bygeloof van hulle weg.** | Hulle leer die Griekwas Westerse maniere./kersten die Griekwas. | Bl. 93: *Om ons onse God te laat los ... Hierdie Engelsman-ne het ons geleer om ons toe te maak ... Dis net dat ons verloor en hulle gewen het.* |
| **Ta Vuurmaak vertel dat die Engelse die Griekwas leer "vat"/steel deur húlle voor-beeld van steel.** | Nadat die Engelse die voor-beeld gestel het, bring hulle tronkstraf en polisie in om die Griekwas wat steel, te straf. | Bl. 93: *... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.* |
| **Ta Vuurmaak "vat" 'n treinwatertenk wat die Boere vol gate geskiet het.** | Ta Vuurmaak gebruik die tenk as 'n slaapplek, want alles wat hulle so bymekaar maak, beskou hulle as "vatmaar-goed". | Bl. 10: *Dit sal nooit meer water hou nie, sê hy toe. So vat vier osse en trekgoed en gaan haal dit vir jou want dit sal 'n baie lekker slaapplek uitmaak.* |
| **Oom Chai en Corporal Lewis "vat" buit, wat eintlik verbrand moet word, uit die Boerehuise.** | Hulle is van mening dat dit in elk geval vernietig gaan word, maar in hulle sukkelbestaan sinvoller aangewend kan word. | Bl. 7: *En voor die wa vertrek het, moes ons, die boys, die plaashuis aan die brand steek.*<br>Bl. 21: *Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle se erwe genoem het.* |
| | Hulle beskou boumateriaal wat uit die Boere se huise verwyder word, as iets wat die soldate reeds (moes) geneem het – vir Chai-hulle word dit "vatmaar-goed". | Bl. 9: *Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne ... Chai het gesê dis vatmaar-goed.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Vatmaar se mense "vat" ook mekaar se goed asof dit geen probleem is nie.** | Tommy Lewis misbruik Nellie se onskuldige bewondering en "vat" net vir sy plesier haar onskuld weg sonder om verantwoordelik-heid te wil aanvaar. | Bl. 116: *Dan, na hy sy vier kere gehad het, soos hy dit noem, het hy 'n ander mens geword. Nou kan ek sien watter aap ek was en hoe dom.*<br>Bl. 117: *Now try and fix Lucas up with something ... Then you can say that he did it to you.* |
| | Na Sannah Vosloo se dood kom Tant Wonnie terug in Vatmaar waar die buitekamer gestroop is – al haar besittings is, by gebrek aan respek vir mekaar se besittings, bloot ge-"vat". | Bl. 136: *Toe hulle by die kamer kom, staan die deur oop. Alles wat binne was, was geplunder.* |
| | Selfs die predikant, Reverend Cobb, "vat": hy gebruik oom Hendruk se afwesigheid (a.g.v. tronkstraf) om sy Sondagpak, sakhorlosie en fiets vir huisbesoek te "vat". | Bl. 177: *Na 'n rukkie het Reverend Cobb Oom Hendruk se Sondagpak gedra, wat hy eers by die kleremaker laat verstel het. ... Eerwaarde Cobb het nou 'n bicycle gehad om huisbesoek mee te doen ...* |
| | Johnny September "vat" sy eie vrou, Settie, se ring om te verkoop. | Bl. 188: *En waar is die geld waarvoor jy daai trouring verkoop het wat jy sê jy opgetel het?*<br>Bl. 188: *So hý is die dief wat die trouring gesteel en verkoop het. En sy vrou dink hy sal nooit so iets doen nie.* |
| | Die Septembers "vat" Tant Wonnie se gemmerbier vir hulle sonder om Tant Wonnie in ag te neem; hulle vra 'n slukkie maar drink alles uit. | Bl. 189: *Sy het die bottel half-leeg gedrink en dit toe vir hom gegee. Hy het die res in sy keel afgegooi en een groot sluk gevat, net soos 'n gesoute suiplap ... Die twee het gelag.* |
| | Na oom Chai se dood "vat" Boitjie al oom Chai en Bettie se besittings in die wete dat daar heelwat is. | Bl. 282: *Boitjie Afrika het geweet wat Oom Chai vir Bettie nagelaat het. Hy het gereeld kraal toe gegaan ... Hy het met sy gat in die botter geval.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Na Kaaitjie en Tant Wonnie se dood, "vat" Suzan Kaaitjie se kind, terwyl Kenneth vir Suzan vat om te versorg. | Bl. 317: *Hoe stywer hy haar vashou, hoe meer voel dit vir hom hy hou vir Kaaitjie vas.*<br>Bl. 319: *Suzan het ingestem dat ek die domanie vra om ons troue aan te kondig ...* |
| **Vatmaar-inwoners "vat" wederregtelik besittings van witmense om in hulle behoeftes te voorsien.** | Siesie Lena, Sus Bet, Oom Flip en Janman steel diamante by die delwery wat hulle later vir baie geld verkoop. | Bl. 62: *Oom Flip ook nie en hy het nie geweet wat die twee klippe in sy binnesak werd was nie.*<br>Bl. 78: *Eight hundred pounds! sê hy.* |
| | Bennie O'Grady "vat" ander mense se skape om sy lus vir vleis te stil. | Bl. 167: *Bennie kon vleis nie weerstaan nie ... Op 'n reëndag het hy weer 'n skaap uit 'n boer se kraal gesteel.* |
| **Vir Vatmaar se mense is dit aanvaarbaar om ander se goed te "vat" omdat hulle nie daaraan as "steel" dink nie.** | Volgens die kultuur waarbinne die Vatmaar-gemeenskap leef, deel hulle alles./leen hulle iets op 'n tydelike basis. | Bl. 3: *Vatmaar se kinders het nooit van die Agste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie.*<br>Bl. 93: *... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | (Op 'n klip) by die (NG) kerk ✓ | 1 |
| 11.2 | Ja<br>Sy begin baie jonk reeds werk./gebruik die geleentheid om te werk./geld te verdien./<br>Diskriminasie/onregverdige optrede teenoor armes/mense van kleur/uitbuiting van gekleurde mense vind plaas./Kaaitjie word deur haar werkgewer sleg behandel./<br>Mev. Bosman neem Kaaitjie sonder haar eie/haar ma se toestemming/wete in diens./Sy is uitgelewer aan die politieke bestel van daardie tyd. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 3 |
| 11.3 | Toe Kaaitjie swanger raak, verdink Mevrou Bosman haar man van ontrouheid. ✓<br><br>Kenneth verloor die vrou wat hy liefhet./ma van sy kind. ✓<br><br>Tant Wonnie verloor haar dogter/Kaaitjie (as gevolg van mev. Bosman se agter-dog./optrede./wraak). ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.4 | Ja<br>Mevrou Bosman "vat" Kaaitjie as kinderoppasser sonder om met Kaaitjie/Tant Wonnie gesprek te voer./<br>Mevrou Bosman eien haar die reg toe om Kaaitjie se kind te laat weg"vat"/ aborteer bloot omdat sy jaloers is./<br>Mevrou Bosman laat Kaaitjie in die tronk smyt omdat sy haar beskuldig van drostery; gevolglik "vat" sy Kaaitjie se lewe omdat Kaaitjie sterf.<br>Mevrou Bosman "vat" Kenneth se briewe en verbrand dit in plaas daarvan om dit vir Kaaitjie te gee. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.5.1 | Hy probeer tant Wonnie verkrag./meen dat sy as ondergeskikte vir hom beskikbaar behoort te wees. ✓<br>Hy (Piet de Bruin) slaan Onie-as amper dood toe die koei die melkemmer omskop/ daar mis in die melkemmer beland. ✓ | 1<br><br>1 |
| 11.5.2 | Hy urineer/spoeg skelm in die De Bruins se drinkwater. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Tant Wonnie openbaar net liefde/goedheid/mededeelsaamheid teenoor ander mense.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sy smyt vir Settie September-hulle van die kapkar af nadat hulle haar gemmerbier uitgedrink het. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.6 | Tant Wonnie ontvang pensioengeld. ✓<br>Tant Wonnie koop haar ou huis terug. ✓<br><br>Die magistraat (in Du Toitspan) ✓<br>Mnr./Mev. Wingrove ✓ | 2<br><br>2 |
| 11.7 | Hulle huis/Tant Wonnie se huis/Die huis waarin hulle woon, brand af. ✓ | 1 |
| 11.8 | Sy assosieer dit met die swaarkry/ellende van haar kinderjare./<br>Omdat sy en Kenneth alles in die brand verloor, sien sy nie kans om weer (soos saam met haar ma) in armoede/ellende te sukkel nie. ✓ | 1 |
| 11.9 | Kenneth help met die opmeet van die veld./gee die doelpale./sak kalk om die veld te merk./<br>Kenneth gee heelwat geld sodat die stokvel (vir 'n fondsinsameling) kan plaasvind./<br>Die sokkerveld is met Kenneth se hulp/brief verkry. ✓<br><br>Kliniek Katrina ✓ | 1<br><br>1 |
| 11.10 | Hy is opgelei as (spesialis-)bouer/-messelaar, terwyl die ander mense in Vatmaar eintlik geen opleiding het nie./<br>Hy is grootliks in aanvraag as meesterbouer, terwyl Vatmaar se mense om den brode werk/.<br>Hy het sy eie gereedskap wat Vatmaar se inwoners nie besit nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke verskil vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>Hy kom van Graaff-Reinet af waar sy ouers geleerde/opgeleide/vermoënde mense is./<br>Sy ouers het gesorg dat hy 'n behoorlike opleiding gekry het.✓ | 1<br><br>1 |
| 11.11 | Kaaitjie het geen akademiese agtergrond/verstand/geleerdheid nie, (terwyl dit vir Kenneth se pa 'n vereiste is)./<br>Kaaitjie het nie die Europese gelaatstrekke nie, (terwyl dit vir sy ma ononderhandel-baar is)./<br>Kaaitjie dra tweedehandse klere (wat nie by sy "highty-tighty" ouers se verwagting pas nie)./<br>Kaaitjie leef in armoede (terwyl Kenneth se ouers/pa verwag dat sy vrou van dieselfde stoffasie as hulle moet wees). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan na die ouers/ma/pa verwys.*<br><br>Hy weet by voorbaat dat sy ouers nie tevrede sal wees met sy keuse van 'n vrou nie./<br>Hy weet die vrou wat hy huis toe neem, is nie eers die kind se ma nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kode "G" word by die argumente gebruik en omkring indien die argument 'n ondersteunende bewys/aanhaling/parafrase bevat:

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Greg kom teen sy pa as gesagsfiguur in opstand.** | | |
| **Greg kom op 'n passiewe manier in opstand teen sy pa se verwagtings van hom.** | Alhoewel Greg weet dat sy pa prestasies op akademiese en sportgebied van hom verwag, voldoen hy nie aan die verwagtinge nie. | Bl. 48: *Turrett Media. My pa se magtige mediamasjien. Sy lewe draai om die plek, en hy reken myne moet ook.*<br>Bl.50: *"Reg vir die laaste jaar van vriendelik-verpligte brein-spoeling?"*<br>*"Wens dit was al verby, Plank," sê ek ...*<br>Bl. 70: *"Ja, sure. Het tog nie nou lus vir huiswerk nie."*<br>Bl. 97: *Kommer oor my skool-werk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê.* |
| | Greg vervies hom as sy pa wil hoor wat sy planne vir die nuwe jaar is. | Bl. 47: *"Ek weet, dis net ..." Ek het my rug reguit getrek. My eintlik vervies.* |
| | Greg kom in opstand teen die tipe lewe wat sy pa lei./weet hy wil nie 'n toekoms/lewe soos sy pa s'n hê nie. | Bl. 73: *Is hy reg? En as hy reg is, gaan my toekoms ook soos my pa s'n lyk? Daardie ewige rat race die wêreld vol, om soveel geld as moontlik te kry. Maar die ou wat die rat race wen is steeds 'n rot, is hy nie?*<br>*Bl. 98: "My binnekant krimp ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie."*<br>Bl. 174: *"As ek kon kies, sou ek my van verander van Owen na ... ag, sommer Van der Merwe. As ek kon kies, was ek nie nou hier nie. Ek sou tevrede wees met 'n gemiddelde skool in 'n gemiddelde woon-buurt met gemiddelde skool-punte ..."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg stem saam met Eckardt wanneer hy sê dat hulle gebreinspoel word om die regte dinge te doen. | Bl. 70: *"En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin.*<br>Bl. 73: *Ek dink dit skaars, toe skrik ek. "Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's," het Eckardt gesê. Is hy reg?* |
| | Greg se leuens aan sy pa is 'n subtiele vorm van opstand teen sy gesag bv. oor sy akademie. | Bl. 165: *"Onderskeidings, reg?"*<br>*"Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie. " 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref.* |
| **Greg kom in opstand teen Dok Pienaar se gesag.** | | |
| **Greg wys dat hy van Dok Pienaar verskil.** | Greg bevraagteken Dok se besluit om die nuus oor Eckardt se verdwyning stil te hou. | Bl. 73: *Ek knik my kop ingedagte. "Dink jy nie dis tjol nie, TJ?" vra ek en draai my kop in sy rigting ..."Hierdie ding dat hulle alles wil stilhou, man, flippit."*<br>Bl. 75: *Voor ek kan keer, spoeg ek die woorde uit: "Ek dink dis pateties!" ... "Ek kan nie glo dat julle dit nog wil ontken nie, Dok. Ek meen, face dit: Eckardt is weg ..."* |
| | Greg probeer Dok afdreig deur te weier om rugby te speel tot tyd en wyl daar na Eckardt gesoek word. | Bl. 76: *"En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."* |
| **Greg toon sy opstand deur doelbewuste ondermynende gedrag.** | Hy stuur 'n anonieme e-pos oor Eckardt se verdwyning aan een van sy pa se koerante. | Bl. 77: *Die skool wil nie hê ons moet ons ouers vertel nie. Maar hulle het niks gesê van die media nie. En ek het mos contacts in die pers. As ek hulle 'n tip-off kan gee ... Anoniem.* |
| | Hy loer skelm in Joan se dagboek hoe Dok se program lyk wanneer Joan gaan koffie maak. | Bl. 124: *Ek spring ook vinnig op, gaan kyk waarmee sy so druk besig was op die rekenaar. Haar email program, Outlook, is oop. Langs Joan se keyboard lê haar dagboek oop op Maandag/Dinsdag. Dok Pienaar se afsprake is netjies aangeteken met die tye langsaan.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg probeer toegang tot Dok se e-posse kry./besluit om 'n RAT op sy rekenaar te installeer. | Bl. 140: *As ek by Dok se rekenaar wil uitkom, moet ek 'n RAT daarop install.*<br>Bl. 153: *Die RAT sal my nou enige tyd toegang gee tot Dok se rekenaar, selfs al verander hy sy password. Ek sal ook op die skool se ander rekords kan inkom ... Dit sal dalk 'n goeie plan wees om 'n keystroke logger ook op die rekenaar te sit.* |
| | Greg laai al die inligting oor Dok se onwettige bedrywighede af. | Bl. 155: *Binne sekondes kry ek dit! Die private key lê in 'n folder, binne 'n folder, binne 'n ander folder ... Ek moet hulle download ...* |
| **Greg se finale opstand teen Dok se gesag is wanneer hy die inligting oor Dok se onwettige bedrywighede aan die polisie oorhandig.** | Greg ontmasker Dok Pienaar vir die misdadiger wat hy is en breek sy gesag finaal af wanneer Dok deur die polisie in hegtenis geneem word by Lawson Kollege. | Bl. 204: *"En toe vir Doktor Pienaar ... Hulle het hom gearresteer. Niemand het geweet hoekom nie."*<br>Bl. 205: *Dok se arrestasie is die hoofberig op die TV-nuus.* |
| **Greg kom in opstand teen die skool as struktuur van gesag.** | | |
| **Hy kom in opstand teen die skool se tradisies en goeie naam wat te alle tye bewaar moet word.** | Hy verwys oneerbiedig/sarkasties na die skool. | Bl. 47: *"Terug op heilige grond, dink ek ..."* |
| | Hy besluit om nie vir Eckardt soos die ander nuwelinge in die Tonnel te laat afgaan nie. | Bl. 63: *"Nee! Los hom net." Ek steek my hand uit na Eckardt ... Toe trek ek hom self uit die donker gat."* |
| **Greg kom passief in opstand teen die onderwysers wat gesagsfigure is.** | Greg spreek nie leerders aan oor die gebruik van byname nie. | Bl. 50: *Jennie Lombard kry sommer dadelik die naam Jennie Langbaard ...* |
| | Greg tree vals op teenoor sy onderwysers. | Bl. 51: *... glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie wanneer ek met onderwysers te doen kry.* |
| **Hy daag gesag uit as hy self die skoolreëls oortree in plaas daarvan om dit toe te pas./na te kom.** | Wanneer hy saam met Eckardt 'n bier drink, meld hy dit nie aan dat Eckardt bier in sy kamer het nie. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ...* |
| | Hy kom nie meer sy pligte as hoofseun na nie. | Bl. 165: *Selfs Kwanele is minder op my case. Hy het al omtrent die VRL oorgeneem, dink ek.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Hy moet aangespreek word om dissipline uit te oefen. | Bl. 87: *Pouse moet ek, in opdrag van Dok, die VRL aanvat oor hul "betreurenswaardige dissipline".*<br>Bl. 123: *"Greg, check net wat maak daai ouers daar voor!" sê TJ ontevrede toe daar nog 'n ou voor in die ry indruk. "Doen iets, man, …"* |
| **Hy kom in opstand teen die skool se sekuriteit.** | Hy glip saam met Eckardt in die verbode netwerkkamer in. | Bl. 110: *"Die netwerkkamer," sê Eckardt sag … Hierdie plek is way off limits*. |
| | Hy probeer 'n tweede keer by die netwerkkamer inbreek. | Bl. 127: *Voor die netwerkkamer. Ek kyk weerskante af in die gang. Daar is niemand...* |
| | Hy steel die sleutel om onwettig toegang tot Eckardt se kamer te verkry. | Bl. 93: *Toe draai ek om en stap na die trap toe. Dis waar oom Ian, die koshuisvader, die loper wegsteek vir hierdie verdieping. Eckardt het my eenkeer gewys.* |
| **Greg kom in opstand teen die polisie as gesagstruktuur.** | | |
| **Hy ondermyn die polisie se gesag.** | Greg besluit om self ondersoek in Eckardt se kamer te gaan instel in plaas daarvan om inligting vir die polisie te gee. | Bl. 94: *Met die loper in my hand stap ek na Eckardt se kamer. Sluit dit oop, glip vinnig in, druk die deur toe en ...* |
| | Hy gee van die begin af nie al die inligting vir die polisie nie. | Bl. 104: *Eckardt se laptop het 'n Matrix-plakker ... Die laptop wat ek nou help dra, se bokant is skoon ... Hy knik. Ek hoop hy glo my ...* |
| | Hy vertel nie die volle waarheid tydens die ondervraging nie. | Bl. 129: *Jy sal fyn moet trap met hierdie vrae.* |
| | Hy lieg ook as hy sê dat hy nie betrokke is by kuberkrakery nie. | Bl. 131: *"Hy het nie een nie," lieg ek.*<br>Bl. 132: *Vir een ding is ek dankbaar ... sy het nie uitgevind van die hacking nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg rebelleer ook teen gesag/landswette as hy 'n kuberkraker word.** | Hy dring mense se persoonlike inligting binne./pas sosiale manipulering toe. | Bl. 124: *Ek spring ook vinnig op, gaan kyk waarmee sy so druk besig was ...*<br>Bl. 144: *"Jy sal vir my ook die username en password moet gee ... " Sy gee dit ...*<br>Bl. 145: *Ek vergeet gerieflikheidshalwe om vir haar te sê om die virusprogram weer te enable ...*<br>Bl. 156: *Ek kyk met ingehoue asem. Dit voel of my hart 'n speed wobble gestrike het ... Dok is voor sy rekenaar!*<br>Bl. 218: *Een Woensdagaand, crack ek die online-winkel se site ...* |
| **Greg kom in opstand teen sy eie beeld as gesagsfiguur/sy beeld as rolmodel vir die ander leerders.** | | |
| **Greg is aanvanklik oorbewus/op 'n negatiewe wyse bewus van sy eie mag en wil reg in eie hande neem.** | Greg wil die skoolreëls self toepas en teen Eckardt optree. | Bl. 53: *"Ek en 'n paar van my pelle sal hom gou uitsort. Nes ons die graadagts gaan uitsort."* |
| **Hy versuim sy pligte as hoofseun.** | Hy rapporteer nie dat Eckardt bier in sy yskas het nie. | Bl. 71: *... what the hell, 4x4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie, hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf.* |
| **Hy verbreek self die skoolreëls.** | Hy steur hom nie aan die ligte-uitreël nie. | Bl. 114*: Ligte-uit is lankal verby (Greg hoor 'n geluid by sy deur)* |
| | Hy drink eerder saam met Eckardt bier. | Bl. 71: *"Sê my, Greg," vra hy toe ek een van die biere na hom toe uithou, …* |
| | Hy breek by die netwerkkamer in. | Bl. 127: *Voor die netwerkkamer. Ek kyk weerskante af in die gang. Daar is niemand ...* |
| **Hy breek sy eie beeld as top-akademiese kandidaat af deur laksheid.** | Hy doen nie huiswerk nie./leer nie vir toetse nie. | Bl. 99: *En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.* |
| **Greg kom in opstand teen sy eie waardes/opvoeding.** | Hy weet dat kuberkrakery verkeerd is, maar hy gaan tog voort daarmee. | Bl. 78: *"Maak toe die kamerdeur. Cyberspace se onderwêreld wag ..." Donker woorde, stikvol opwinding.* |
| **Hy kom in opstand teen die basiese beginsel van reg en verkeerd/'n waardesisteem wat sy lewe tot dusver beheer het.** | Hy kom in opstand as hy sy skoolrapport vervals. | Bl. 178: *Ek het meer tyd aan die hacking spandeer as aan skoolwerk. Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport.* |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | |
|---|---|---|
| 13.1 | Hy is 'n nuweling by die skool./voel vreemd tussen die ander leerders./<br>Hy is 'n introvert./lyk of hy nie sosiaal betrokke wil wees nie./<br>Hy is daar onder valse voorwendsels./wil doelbewus nie deel wees nie. ✓<br><br>Greg het hom die Tonnelritueel gespaar./uit die tonnel getrek voordat hy dieper in die tonnel kon beweeg./<br>Eckardt het Greg aan sy broer John laat dink./<br>Eckardt het self eenkant gestaan om nie aan die Tonnelritueel deel te neem nie. ✓ | 1<br><br><br>1 |
| 13.2 | Saam met Greg soek hy na die verlore Trappers. ✓<br><br>Hy verdwyn van die skoolterrein af d.m.v. die Tonnel. ✓ | 1<br><br>1 |
| 13.3 | Hy is die hoofseun wat gewild/geliefd behoort te wees, maar een noem hom 'n "loser"./<br>Die besef dat sy medeleerders hom as 'n "loser" beskou, laat hom wonder of hy (wat almal se leier is/se vertroue behoort te geniet) dalk reeds almal se respek verloor het./<br>Die gerugte dat Eckardt selfdood gepleeg het, veroorsaak 'n woede in Greg./dat John se selfdood weer by Greg spook. ✓<br><br>In sy opstand teen Dok Pienaar, het niemand hom gevolg/ondersteun nie, wat hom laat twyfel aan sy rol as hoofseun./steun wat hy geniet. ✓<br><br>*Die kandidaat moet in die antwoord na **woorde** wat tot **innerlike konflik** by Greg lei vir EEN punt verwys **en** ook na **optrede** wat tot **innerlike konflik** by Greg lei, vir EEN punt.* | 1<br><br>1 |
| 13.4 | Eckardt gee vir Greg al die vaardighede/kennis wat hy nodig het om die sosiale manipulering/social engineering-attack uit te voer./om Dok Pienaar sosiaal te manipuleer./die waarheid omtrent Project Nursery Rhyme uit te vind in sy sosiale manipulering van Dok Pienaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Hy ontvang onderrig by die beste/spoggerigste skool, maar kan nie staande bly teen versoekings/manipulasie nie./<br>Hoewel hy genoegsame kennis van geld het, is sy kennis m.b.t. versoekings beperk./nie genoegsaam nie./gebrekkig./<br>Omdat hy baie beskermd grootword, het hy nie die lewensvaardighede om staande te bly wanneer hy met die vreemde gekonfronteer word nie./<br>Emosioneel ervaar hy John se dood as 'n donker tonnel, maar anders as wat 'n mens dink, het hy nie die toerusting/vaardighede om sy broer se dood te verwerk nie./<br>Eckardt het vir Greg van "social engineering" geleer, maar Greg kon nie agterkom dat hy self ‘n slagoffer daarvan is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied die twee kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.5.1 | Met Dok Pienaar/die skoolhoof<br>Greg se pa/Mnr. Owen/<br>Inspekteur Cele ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Aanvanklik bewonder almal hom as hoofseun, maar nou verloor hy die respek/ vertroue van die ander leerders./bevraagteken hy sy rol as leier./<br>Alhoewel hy dit nie bedoel nie, vra hy Dok Pienaar om verskoning vir sy optrede./<br>Hy dink hy doen wat reg is, maar besef dan dat hy sy pa uitlewer wat lei tot verwyte./<br>Hy dink die skool heg waarde aan hulle leerlinge, maar kom agter dat die skool se naam/beeld belangriker is./<br>Hy weet hy moet aan sy akademie aandag gee, maar hy kan hom nie losskeur van sy hulp aan/soeke na Eckardt nie (deur middel van kuberkrakery)./<br>Greg voel magteloos as hy besef dat sy uitbarsting teenoor Dok Pienaar, (omdat daar nie na Eckardt gesoek word nie) uiteindelik niks beteken nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied telkens die twee kante van die innerlike konflik aan.* | 2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 13.5.2 | Ja<br>As gevolg van sy soeke word die voëlgriepmisdaad ontmasker wat baie mense se lewens red./<br>Sy soektog na Eckardt dra daartoe by dat 'n nuwe entstof ontwikkel word wat tot gespaarde menselewens bydra./<br>Deur sy soektog word die onreg m.b.t. die regter ontbloot sodat die saak in die reine gebring kan word./<br>Sy soeke lei uiteindelik daartoe dat die skool van 'n gewetenlose/misdadige hoof ontslae raak.<br><br>*Die kandidaat se antwoord moet fokus op "lig" wat omstandighede vir baie mense beter maak.*<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy gaan na die onderwêreld/kuberkraking/word deel van leuens/verkeerde dinge wat nie tekenend van "lig" is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
